

4 April

Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:18-33

Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:22,23

Elke môre nuut

Hier is iemand aan die woord wat baie swaar gekry het. Hy praat oor sy persoonlike lyding, maar ons moet dit ook in die wyer verband sien van die volk Israel se lyding toe die tempel in Jerusalem verwoes is. Die mense het geweldig baie gely onder die militêre aanval van die Babiloniërs en in die tyd van die ballingskap.

Dan skyn daar skielik 'n helder ligstraal in hierdie stroewe situasie en praat die digter van hoop: "Maar dit sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop ...". Die rede vir die hoop is geleë in die liefde, ontferming en trou van die Here.

Dit is treffend dat hy van die Here se ontferming sê dat dit is "elke môre nuut" is. Elke oggend is dit dus vars.

Wanneer ons baie swaar kry en daar 'n groot pyn in ons lewe is, word ons altyd, vroeg in die môre, as ons wakker word, opnuut bewus van dié pyn. Dit kan die pyn wees oor 'n dierbare wat gesterf het of dit kan die pyn wees oor 'n ongeneeslike siekte wat in ons lewe gekom het. Daardie pyn is elke môre opnuut in al sy felheid daar. Dit kom elke oggend terug en kwes ons opnuut.

Onthou dan dat die Here se ontferming elke môre nuut is! Die Here se ontfermende liefde en sorg is dan ook opnuut, vars en verkwikkend daar; daarom kan ons opstaan, gewillig en bereid om vir Hom te lewe.

Sing: Psalm 34:2,8 Dr F van der Walt (Bellville-Oos)